*Scriptura* 11 (1984) pp 1-49 

# VERLEDE EN HEDE OP DIE GEBIED VAN DIE MATTEUSNAVORSING: 'N OORSIG VAN DIE VERSKILLENDE INTERPRETASIEMODELLE

*A G van Aarde*

## *INLEIDING*

Die tydvak vanaf die einde van die tweede eeu nC tot die begin van die negentiende eeu kan as die "voorgeskiedenis" van die moderne wetenskaplike Matteusnavorsing bestempel word. Die evangelies is in dié tyd gewoonweg as biografieë van Jesus be= skou. Sedert die eerste helfte van die negentiende eeu het navorsers feitlik algemeen van hierdie idee afgestap. Dit het die oortuiging van die meeste ondersoekers geword dat die soge= naamde 'Eerste Evangelie', wat onder die outeurskap van die apostel Matteus heel eerste in die Nuwe-Testamentiese kanon voor= kom, nòg deur Matteus self geskryf is, nòg die ander kanonieke evangelies temporeel voorafgaan. Kraft (1981:321) verwys soos volg na hierdie oorgangsperiode: "Seit dem Ende des 2. Jahr= hunderts haben die Evangelien der ganzen Kirche, auch den Gelehr= ten, als Lebensbeschreibungen Jesu gegolten, und daran hat sich erst mit dem letzten Viertel des 19. Jahrhunderts etwas geändert. Von da an hat sich bei den Neutestamentlern zögernd die Erkennt= nis durchgesetzt, dass sie das nicht sind. Damit stellte sich zwangsläufig die Frage, was sie denn sonst seien". Hierdie insig en vraagstelling het gespruit uit die histories-kritiese benadering tot die evangelies wat veral by die werk van F C Bauer (1792-1860) 'n aanvang geneem het (kyk De Jonge 1982:73-6).

Die historiese kritiek het in die loop van die evangelienavorsing in drie (vier?) onderskeibare (hoewel nie geskeie nie) metodes van ondersoek uiteengeval, naamlik 'Literarkritik', 'Traditions'- en 'Formgeschichte' en 'Redaktionsgeschichte'. Elkeen van hierdie metodiese variasies van die historiese kritiek het in die vermelde volgorde tot die ander een gelei. Ons oorsig sal as raamwerk die opeenvolgende behandeling vertoon van hierdie drie fases, asook van die nuwe ontwikkelinge op die gebied van die navorsing. Hoewel die 'formgeschichtliche' en 'traditionsge= schichtliche' benaderinge in der waarheid twee onderskeie metodes is, word dit vir die doel van ons oorsig gesamentlik behandel.

## *DIE 'LITERARKRITISCHE' BENADERING*

Die Bybelwetenskap was gedurende die eerste tien jaar van die negentiende eeu sterk beïnvloed deur die Ou-Testamentikus, Julius Wellhausen, se teorieë in verband met die identifisering van die Pentateugbronne (vgl Rast 1972:3). Hierdie deurbraak het reeds in die agtiende eeu plaasgevind. Eers in die eerste helfte van die negentiende eeu het dit vir die evangelienavor= sing definitiewe vrugte begin lewer met die opkoms van die kritiese vraag na die 'sinoptiese probleem'. Die soeke na die oplossing van die 'sinoptiese probleem', dit wil sê 'bronne-kritiek', was van die begin af nou verwant aan die 'Leben-Jesu-Forschung' (vgl o a Wrege 1978:11). De Jonge (1982:77v) druk hierdie verwantskap soos volg uit: "Het nadrukkelijke doel van deze analyse (die bestudering van die sinoptiese probleem - A G v A) was en is uiteraard, zo ver mogelijk terug te gaan in die tijd, men tracht de oudste elementen in de overlevering te lokaliseren, deze op hun historische betrouwbaarheid te toetsen en met behulp daarvan het leven van Jezus te reconstrueren ...." Kingsbury (1977:2) noem dan ook die 'literarkritische' evangelie= navorsing die 'histories-biografiese' benadering.

Die beginfase van hierdie periode is gekenmerk deur 'n paring tussen die voorkritiese lewensbeskrywing-benadering en die histories-kritiese bronne-kritiek. Hiervolgens is veral die Markusevangelie, maar deur sommige ondersoekers die Matteus= evangelie as die 'Eerste Evangelie', beskou as 'n objektiewe rapport van faktiese gegewens van die lewe en werk van Jesus. Die Matteusevangelie bied met ander woorde hiervolgens 'n rela= tief-kontinue weergawe van die verloop van die 'bruta facta' en detailbesonderhede daaromtrent.

In die dertigerjare van die negentiende eeu het H J Holtzmann met sy 'tweebronne-teorie', as moontlike oplossing van die 'sinoptiese probleem', 'n wending in die Matteusnavorsing teweeg= gebring (vgl Kraft 1981:328). Die 'tweebronne-teorie' het sy aanloop gevind by Lachmann (1835) en is begrond deur die werke van Weisse (1838) en Wilke (1838). Holtzmann (1863) het die hipotese sorgvuldig uitgewerk en werksaam gemaak (vgl Lange 1980: 1). Met hierdie 'oplossing' van die 'sinoptiese probleem' is die onbetroubaarheid van die Papiastradisie oor die apostoliese outeurskap van die Matteusevangelie (*Matthatos mèn oun Hebraïdi dialektō tà lógia sunetáxato* ... Eusebius *HE* 111 3.16) aangetoon. Die insig het vorendag gekom dat die Matteusevangelie (en die Lukasevangelie) grotendeels afhanklik was van die raamwerk en inhoud van hoofsaaklik die Markusevangelie, maar ook van die ver= onderstelde Logienquelle, die sogenoemde Q-bron.

Die Markusevangelie is nou beskou as die oudste en mees histo=riese berig van die 'Leben-Jesu'. In lyn met opinies in die loop van die negentiende eeu, soos dié van Adolf Harnack (vgl Kümmel 1973:178vv; 309vv; 356vv) en Martin Kähler (vgl Kümmel 1973:222vv), kom William Wrede (1901) en beweer dat die Markus=evangelie nie 'n 'Geschichte Jesu' of 'Leben Jesu' wil wees nie, maar 'n 'teologiese refleksie' (vgl Kümmel 1973:445). Kraft (1981:329) verwys soos volg na die invloed van Wrede en andere: "Damit war gesagt, dass auch das Markusevangelium als grund=legende Quelle des Lebens Jesu nicht Biographie, sondern Glaubenszeugnis sein wollte". En wat die Matteusevangelie betref, sê Wrede (1963:116) self: "Nun liesse sich sagen: Mattaeus ist kein originaler Schriftsteller, er ist von Markus abhängig".

P Wernle (kyk Lange 1980:2) het die kritiese insigte ten opsigte van die Matteusnavorsing tydens hierdie periode saamgevat. Hierdie insigte is gebou op die veronderstelling dat die Matteus=evangelie die raamwerk en materiaal van die Markusevangelie oor=geneem het en ook nog tussenin 'Sondergut' en materiaal uit die Q-bron ingevoeg het. 'n Analise hiervan toon aan dat daar 'n *Semitiserende invloed* in die Matteusevangelie te bespeur is en dat die Matteusevangelie 'n *Joods-partikularistiese* en 'n *heidens-universalistiese* paradoks asmede 'n ekklesiologiese karakter ver=toon. Wernle (1872-1939) se samevatting (wat ons hier baie kursories weergegee het), kan as aanduiding dien van die ver=skerpte insigte wat die histories-kritiese navorsing, sedert die negentiende eeuse 'Literarkritik', teweeggebring het. Dit het aanleiding gegee tot 'n deurlopende stroom van Matteusstudies tot op die hede oor aspekte soos die aard van die *Matteus-Sonder=gut*, die sogenoemde *Reflexionszitate* en die hipotetiese bron wat as die *Proto-Matteus* bekend staan.

Streeter (1927) het die studie van die aard van die Matteus-'Sondergut' in 'n bepaalde rigting gestuur. Hy is daarvoor be=kend dat hy die 'tweebronneteorie' uitgebou het tot 'n 'vierbronne-teorie'. Streeter het betoog dat die Matteus-'Sondergut' van 'n literêre bron afhanklik is, net soos die Lukas-'Sondergut'. Kilpatrick (1950) het Streeter se teorie oorgeneem. Volgens hom is dié geskrifte, naamlik die Markusevangelie, die Q-bron en die M-bron, herhaaldelik in die eredienste van die Matteusgemeente gelees. In dié gemeente het daar 'n uitleg-aktiwiteit met be=trekking tot bogenoemde drie 'geskrifte' ontstaan. Hierdie vaste patroon van eksegese-tegniek was geskoei op die manier waarop Hebreeuse tekste in die sinagoge 'getargumiseer' is deur die byvoeging van 'midrashim'. Die Matteusevangelie was die eind=produk van hierdie proses en het verskyn as 'n "kind of revised

gospel book, conveniently incorporating into one volume the three documents Mark, Q and M" (Kilpatrick 1950:70). Kilpatrick se siening met betrekking tot die 'eksegese-aktiwiteit' van die Matteusgemeente is verder gevoer deur veral Stendahl (1969: kyk later) en Schille (1957/8; vgl Lange 1980:29). Strecker (1966: 13), onder andere, het op die onwaarskynlikheid van die bestaan van 'n literêre 'M-bron' gewys. Die verskeidenheid en die nie-samehorigheid van die materiaal dui vir hom meer daarop dat die herkoms van die Matteus-'Sondergut' waarskynlik teruggevoer moet word na die mondelinge tradisie en na die aktiwiteit van Matteus self (vgl ook Combrink 1980:38; 60).

Verwant aan die ondersoek van die spesifieke aard van die Matteus-'Sondergut', is die studie van die so genoemde 'Reflexionszitate' in die Matteusevangelie. Die 'Reflexionszitate', as deel van die Matteus-'Sondergut', onderskei hulle van die ander Ou-Testamen= tiese sitate in die Matteusevangelie deur die vervullings-motief wat in die inleiding daarvan voorkom. Hierdie aanhalings kom verspreid oor die Matteusevangelie voor. Volgens Strecker (1966: 50), Pesch (1967:395-420) en Rotfuchs (1969:44;50) kan hierdie inleidingsformule moontlik deel wees van die outeur van die Matteusevangelie se aktiwiteit. Dit roep egter die vraag op na die herkoms van daardie betrokke gedeelte waarop die inleidings= formule betrekking het. Gundry (1967:172), Pesch (1967:399) en Rotfuchs (1969:92v), onder andere, weifel om ook dit aan die aktiwiteit van Matteus toe te skryf. Die rede is dat die be= woording van hierdie sitate, anders as al die ander Ou-Testamen= tiese aanhalings wat hy uit die Markusevangelie oorgeneem het, by die Septuaginta-woordgebruik aangepas het. Strecker (1966: 82vv) meen dat dit uit 'n oer-Christelike 'Zitatensammlung' as bron ontleen is. Stendahl (1969) sien daaragter die invloed van 'n 'eksegetiese skool' (vgl die reeds vermelde siening van Kil= patrick) waaruit Matteus kom (vgl ook Hartman 1972). Volgens Hartman het die 'vervullings-sitate' drie funksies in die Matteus= evangelie: Matteus wou gesag aan sy evangelie verleen; hy wou sy teks vloeiender met meer impak maak; hy wou vir sy lesers 'n 'cluster' van assosiasies help skep. Gärtner (1954; kyk Rotfuchs 1969:13), uitgaande van die 'pesher'-tegniek in die Habakuk-kommentaar by Qumran, meen weer dat die 'vervullings-sitate' doodgewoon binne die missionêre predikingstradisie van die Mat= teusgemeente (vgl ook McConnel 1969) ontstaan het. Gundry (1967: 183vv) het die Stendahl-tese verwerp. Hy het aan etoon dat die 'vervullings-sitate' in die Matteusevangelie, soos die ander Ou-Testamentiese aanhalings in al die Sinoptiese Evangelies, afge= sien van dié in die Markustradisie wat, soos reeds vermeld, sterk deur die Septuaginta beïnvloed is, 'n kombinasie van Septuaginta-, Aramese- en Hebreeuse taalelemente vertoon. Volgens hom is hier=

die gemengde taal-fenomeen 'n aanduiding van 'n oer-Matteusevan=gelie in Aramees of Hebreeus, die sogenaamde 'Proto-Matteus'. Dié hipotetiese 'oer-evangelie' sou geskryf wees deur 'n apostel wat as 'ooggetuie-notaris' die notas voorsien het vir die basis van die apostoliese evangelie-tradisie. Martin (1968/9:135) lewer egter kritiek op hierdie siening en wys op die onverklaar=baarheid daarvan dat 'n apostel (Matteus) dit nodig sou ag om ook materiaal van 'n nie-apostel (Markus) gebruik te maak.

Gundry se standpunt is 'n herlewing van oortuiginge wat reeds vroeg in die navorsingsgeskiedenis voorgekom het en wat vanweë die Papiaslogion aan die Matteusprioriteit vashou. Die 'Matteus=prioriteit'-standpunt het op verskeie maniere tot uitdrukking gekom (kyk Lange 1980:4): Zahn (1922), Schlatter (1929) en Butler (1951) het teenoor die 'tweebronne-teorie' beweer dat Markus van Matteus afhanklik was en dat Markus sy raamwerk van Matteus ontleen het. Parker (1953) en Vaganay (1954) het, uit=gaande van die Papiaslogion, die opinie gehuldig dat daar 'n Hebreeuse (=Aramese) 'Urevangelium' was wat in drie Griekse evangelies (Matteus, Markus en Lukas) oorgesit is. Feine en Behm (1950), Wikenhauser (1953) en Schelkle (1963) identifiseer die Q-bron met die *logia* van die Papias-tradisie wat dan die Matteusevangelie sou wees. Laasgenoemde siening sou hom op Schleiermacher (1839) kon beroep wat die vermoede uitgespreek het dat daar in die Matteusevangelie 'n versameling van Jesus=logia as hoofbestanddeel opgeneem is. Hierdie logia sou dan na die apostel Matteus self teruggevoer kan word.

Die 'Matteusprioriteit'-standpunte vind vandag feitlik geen ondersteuning nie (vgl Kümmel 1973:91v). Die belangrikste redes hiervoor is hoofsaaklik die bewuswording van die historisiteits=probleem, die onhoudbaarheid van die Papias-tradisie (vgl Lange 1980:4v) en die opkoms van die 'Formgeschichte'.

## *DIE 'TRADITIONS'- EN 'FORMGESCHICHTLICHE' BENADERING*

Die 'traditions'- en 'formgeschichtliche' benadering het sy ont=staan te danke gehad aan die eensydigheid van die 'literarkri=tische' metode, soos dit veral deur die Julius Wellhausen-skool beoefen is. Dié kon nie 'n antwoord bied op vrae oor die pre-literêre geskiedenis van die geïdentifiseerde 'bronne' en die eenhede in die 'bronne' nie. Hermann Gunkel het met sy ondersoek na die beïnvloeding van die mondelinge oorlewering op die skrifte=like vergestalting van Ou-Testamentiese tekste, nuwe perspektiewe geopen. Dit geld bepaald ook die evangelienavorsing. Volgens Gunkel is dit die primêre taak van die literêre kritikus om die verskillende 'Gattungen' wat in die Ou Testament voorkom, te

identifiseer en om die formele kenmerke van elkeen te beskryf; die styl daarvan te omlyn en die wyse van komposisie en retoriek te artikuleer, en dan om die geskiedenis daarvan terug te volg tot by sy pre-literêre stadium (kyk Rast 1972:2-5). Dit is tydens hierdie stadium dat die konvensie binne die lewendige konteks 'n bepaalde 'Gattung' tot resultaat gehad het. Gunkel het met ander woorde aangedui dat konvensie in 'n baie groot mate die voorkoms en bewoording van die verskillende literêre 'Formen' (='Gattungen') bepaal.

Tydens die vroeë stadium van die 'traditions'- en 'formgeschicht=liche' arbeid op die gebied van die Nuwe Testament is bydraes gelewer deur mense soos J G Herder (1796), F Overbeck (1882), J Weiss (1908), P Wendland (1912) en E Norden (1913) (vgl Zimmer=mann 1974:129vv). Die eerste werklike 'formgeschichtliche' ondersoeke na die evangelies is egter eers ná die einde van die Eerste Wêreldoorlog geloods. Die grondleggers in dié verband was K L Schmidt (1918)(1969), M Dibelius (1919) (1971) en R Bultmann (1921) (1967). Latere 'formgeschichtliche' arbeid het tot baie onlangs in wese beperk gebly tot kommentaar op en variasies van die indelings van hierdie drie geleerdes.

Waar die 'literarkritische' benaderings geïnteresseerd was in die literêre bronne van die evangelies, daar het die 'Traditions'- en 'Formgeschichte' begin vra na die wetmatighede in die gene=rering van die tradisies in hulle pre-literêre geskiedenis en die gang van die tradisies in die mondelinge oorlewering van die vroeë kerk. Wat die Sinoptiese Evangelies betref, word daar van die standpunt uitgegaan dat die tradisies aangaande Jesus eers mondeling oorgelewer is voordat dit op skrif gestel is. Gedurende die mondelinge stadium het hierdie tradisies sekere vorme aangeneem na gelang van die aard van die funksies wat dit in die vroeg-Christelike gemeenskap moes vervul. Drie 'Sitze im Leben' word in die evangeliemateriaal onderskei (Travis 1977: 154v). Die eerste 'Sitz im Leben' het betrekking op die werk=saamhede van die 'historiese Jesus' (die 'Sitz im Leben Jesu'), die tweede is dié in die vroeë kerk voordat die evangelies op skrif gestel is (die 'Sitz im Leben der alten Kirche') en die derde is dié waarin die evangeliste die oorgelewerde tradisies gekontekstualiseer het (die 'Sitz im Leben Ecclesiae'). Met die term 'Sitz im Leben Ecclesiae' bedoel ons die spesifieke gemeentekring vir wie die evangelis as 'skrywer' sy evangelie geskryf het. Hierdie 'gemeente' is met ander woorde sy 'lesers'.

Een van die voorveronderstellinge van die 'Formgeschichte' (kyk Vorster 1982d:96) is dat die evangelies nie as skeppinge van individuele skrywers beskou word nie, maar as 'volksliteratuur'

is dit die kollektiewe produkte van 'n 'evolusionistiese' proses (vgl ook Vorster 1981:10-13). Die tradisionele 'Tradi=tions'- en 'Formgeschichte' het hom derhalwe in hoofsaak op die 'Sitz im Leben der alten Kirche' toegespits. Die besondere 'situasies' binne hierdie 'tradisielaag' word gewoonlik gekate=goriseer as 'kerugma', 'liturgie' en 'kategese' (vgl Zimmermann 1974:173). Bultmann (1967:5vv) het in die Sinoptiese Evangelies die volgende 'Formen' wat deur bogenoemde drie besondere 'situa=sies' genoodsaak en gegenereer is, onderskei: apoftegma; wondervertelling; historiese vertelling en legende en 'Herren=worte'. Dibelius (1971:34vv; 66vv; 234vv; 265vv) het in plaas van 'apoftegma' die term 'paradigma' gebruik; hy het met 'novelle' dieselfde bedoel as 'wondervertelling' en na die kategorie 'historiese vertelling en legende' as 'mite' en na die kategorie 'Ek-logia en gelykenisse' (='Herrenworte') as 'para=nese' verwys (vgl ook Travis 1977:155vv).

Van die vermeldenswaardige resultate wat die 'traditions'- en 'formgeschichtliche' ondersoeke ten opsigte van die Matteus=evangelie opgelewer het, is dié van Kümmel na die sogenaamde *Kategetiese 'Redestoffe'*, Held se ondersoek na die *wonderver=tellinge* en Barth s'n na die *apoftegmas*.

Volgens Kümmel (1967:60vv) is die 'direkte redes' ('Redestoffe') van Jesus in die Matteusevangelie wat in onderskeid met die 'verhalende materiaal', uit die Q-bron en die 'Sondergut' ont=leen is, aan die hand van saaklike en kategetiese gesigspunte georden. Die sogenoemde 'ses antiteses' in Mt 5:21-48, die drie passasies oor die regte kultiese verhoudinge in Mt 6:1-18 en die paroesie-gelykenisse in Mt 24:37-25:46 is voorbeelde hiervan. Die sistematiek en afgerondheid van hierdie materiaal spreek volgens Kümmel van 'n latere stadium in die tradisie-ontwikkeling. Hulle het na sy mening heelwaarskynlik binne die Joods-Christe=like milieu hulle spesifieke 'vorming' gehad.

Held (1961:155-287) het betoog dat die wondervertellinge in die Matteusevangelie rondom 'n 'teologiese kern' sentreer. Volgens hom staan die konsep 'geloof' uitdruklik in die middelpunt van onder andere Mt 8:13; 9:28v en veral 8:26; 14:31 en 17:20. Hy wys daarop dat enersyds 'hulpsoekende mense van buite' vir Jesus in geloof nader; andersyds is die *kleingeloof* van die 'dissipel-binnekring' opvallend. Hoewel die wondervertellinge in die Matteusevangelie in die reël uit die Markusevangelie oorgeneem is, is hierdie 'Matteus-tendens' waarop Held die aandag vestig, maklik waar te neem.

Barth (1961:73v; 75-8; 88v; 147v) het ook gewys op die 'Matteus-

tendens' wat in die apoftegmas aanwesig is. Veral in twee passasies, naamlik Mt 8:5-13 (veral vss 10 en 13) en Mt 15:21-8 (veral vs 28) is dit duidelik dat die konsep 'geloof' prominent funksioneer. In beide gevalle gaan dit om geloofsbereidheid van die heidene, terwyl die Jodedom ongelowig is (vgl ook Lange 1980: 9 vgl noot 40).

Ondersoekers buite die 'Formgeschichtler'-kring het gevra of die gemelde 'sistematiese' werk en die 'Matteus-tendense' nie eerder toegeskryf moet word aan Matteus se eie redaksionele aktiwiteit nie. Lange (1980:9), byvoorbeeld, formuleer sy oortuiging ten opsigte van die 'geloof-kleingeloof' neiging by die dissipels soos volg: "Es zeigt sich, dass es wirklich der Mt-Evangelist selber ist, der den Glauben bzw. Kleinglauben in dieser Weise thematisiert hat". Die vermelde studies van Kümmel, Held, Barth, en ook dié van andere in dié verband hoort dus eintlik in die daaropvolgende fase tuis. 'Traditions'- en 'formgeschicht=liche' interesse het nie tydens die klassieke periode van hierdie ondersoek-benadering gelei tot die identifisering van 'teologiese tendense' in die Matteusevangelie nie. Wanneer 'n mens byvoor=beeld Bultmann (1967:376-84) se 'formgeschichtliche' arbeid spesifiek met betrekking tot die Matteusevangelie bekyk, dan blyk dit dat hy nie werklik in òf die evangelie as geheel òf die redaksio=nele aktiwiteit van die evangelis geïnteresseerd was nie. Dit word bevestig deur sy opmerking in die hoofstuk van sy boek *Die Erforschung der synoptischen Evangelien* (1966:44-8), getitel "Die Evangelie als ganze", dat Markus nog "onbeholpe" was in die 'redaktionsgeschichtliche' tegniek (Bultmann 1966:18). Hierby is dit opvallend dat die derde deel van Bultmann se *Die Geschichte der synoptischen Tradition* (1967:347), wat inderdaad getitel is "Die Redaktion des Traditionsstoffes", verreweg die kortste en onsuksesvolste is.

Hoewel die tradisionele vorm-kritici wel 'n aanvoeling vir die hermeneutiese belang van die 'evangelie as geheel' gehad het, is dit nie deur hulle benut nie. Dit was vir die 'Traditions'- en 'Formgeschichte' 'n aangeleentheid op die periferie. Iemand soos Ashton (1972:22v) is korrek in sy tipering daarvan: "The form critics paid little attention to the broad sweep of the gospels and the powerful impact each of them makes when read as a united whole; and for this reason one is left wondering just how impor=tant their contribution to the field of gospel research has been .... They cut and carve rather than stick and sew, and tend to regard the evangelist as little more than ... a picker-up of unconsidered pericopes". Volgens N Perrin het dit op hierdie stadium van die navorsingsgeskiedenis begin blyk dat die "Wrede=strasse' die 'Hauptstrasse' geword het. Hy verwys na die opmer=

king van T W Manson wat teenoor die 'Traditions'. en 'Formge= schichte' die siening huldig dat die evangelies 'n kroniek is van die lewe van Jesus: "The farther we travel along the Wrede= strasse, the clearer it becomes that it is the road to nowhere" (Manson, aangehaal deur Perrin 1966:297). Perrin self was in Amerika 'n belangrike eksponent van die 'redaktionsgeschichtliche' benadering. Hierdie benaderingswyse was die gevolg van die rigting wat die evangelienavorsing, soos reeds vermeld, by William Wrede ingeslaan het. Dit is 'n rigting wat op hierdie stadium van die navorsingsgeskiedenis 'n opwindende periode in= gelui het.

Met die opkoms van die 'Redaktionsgeschichte' het die visie vorendag gekom dat 'n evangelis meer is as net 'n versamelaar van oorgelewerde tradisies. Iber (1957:335) formuleer hierdie wending soos volg: "Die Frage nach der Einheit der Evangelien= schriften hat die Frage gestellt, ob nicht die Evangelisten mehr waren als nur 'Sammler', nämlich Schriftsteller, die van einer bestimmten Absicht geleitet waren und besondere theologische Gedanken zum Ausdruck bringen wollten". In sy oorsig van spesi= fiek die Matteusnavorsing het S P Kealy soos volg na die oorgang van die 'Traditions'- en 'Formgeschichte' na die 'Redaktions= geschichte' verwys: "Today there is concern with the interpreta= tion of biblical books as a literary unit as a whole - any individual part should be seen in terms of the whole .... Too often in the past preoccupation with sources, with the trans= mission of the text or with the transmission of previous materi= als tended to divert attention from what is basic in gospel study namely the interpretation of the text as it stands for today .... Too often it seemed to be as if the genuine gospel lay somewhere behind the present gospels. These in turn were considered of secondary importance and the insights and contributions of their authors either a distortion of the original or irrelevant at best" (Kealy 1979:167). Ondersoekers het begin glo dat die 'Traditions'- en 'Formgeschichte' in der waarheid net tot die herkenning van die historiese wording van Sinoptiese tekste kan help bydra (vgl Vorster 1977a:10).

*DIE 'REDAKTIONSGESCHICHTLICHE' BENADERING*

Die prinsipiële oopmaak van die deur vanaf die dele in 'n evan= gelie na die belang van die teks as geheel, het die vraag laat ontstaan of die 'Redaktionsgeschichte', dié histories-kritiese werkwyse wat vir die eerste keer eksplisiet met die evangelie as eenheid erns begin maak het, 'n kontinuïteit of diskontinuïteit met die 'Traditions'- en 'Formgeschichte' verteenwoordig. Gütt= gemanns (1971:69) skryf in dié verband: "Eine direkte forschungs=

geschichtliche Weiterentwicklung der Formgeschichte stellt in bestimmter Hinsicht die redaktionsgeschichtliche Betrachtungs=weise dar. Es gibt begründete Zweifel, ob diese Weiterentwick=lung eine in jeder Hinsicht bruchlose Forsetzung des methodolo=gischen Ansatzes der Formgeschichte ist". Hy is van mening dat daar 'n diskontinuïteit tussen die twee benaderinge bestaan, omdat hulle ten opsigte van teksteoretiese premisse verskil. Die 'traditions'- en 'formgeschichtliche' werkwyse sou dan diakronies van aard wees en die ondersoek na die evangeliste se redaksionele aktiwiteit sinkronies van aard. Marxsen (1959), Rohde (1966), Stein (1969) en Perrin (1970) onder andere beskou daarenteen die 'Redaktionsgeschichte' as 'n volgende faset in die histories-kritiese model van eksegese.

Die feit dat die 'Redaktionsgeschichte' met die teologiese pro=fiel van die redaktor as individu ('schriftstellerische Einzel=persönlichkeit' - Rohde 1966:7-43) rekening hou en die 'Form=geschichte' nie, beteken egter nie dat eersgenoemde van 'n ander teksteoretiese premisse as laasgenoemde uitgaan nie. Beide verklaringswyses huldig die opvatting dat die kerugma van die vroeg-Christelike gemeente die draer en die subjek is van ener=syds die mondelinge oorlewering van tradisies en andersyds van die redaksionele redigering van hierdie tradisies in geheel-konteks. Beide veronderstel dus 'n historiese positivisme deur die genereringskrag van die teks in die buitetekstuele, historiese 'Sitz im Leben' te soek: "Es gehört zu den gesicherten Ergeb=nissen der Synoptiker-Forschung, dass die ersten drei Evangelisten in erster Linie Sammler und Redaktoren überkommener Traditionen sind .... Gleichwohl sind auch die ersten drei Evangelien Dokumente einer bestimmten, in jedem Fall sehr verschiedenen Theologie, die jedem von ihnen ... eine eigene mehr oder weniger konsequent und planmässig durchgeführte Thematik gibt und hinter ihnen verschiedene Gemeinden mit ihren jeweils besonderen Pro=blemen und Anschauungen erkennen lässt .... Hier liegt der Grund für die nicht selten erkennbaren Spannungen zwischen der verarbeiteten Tradition und den theologischen Anschauungen, denen sie dienstbar gemacht wird" (Bornkamm 1961:11).

W S Vorster beweer dat die 'Redaktionsgeschichte' die evangeliste nie werklik as 'skrywers' beskou nie - die evangelis is 'n 'redaktor' (let wel, nie 'n 'versamelaar' nie) van tradisies. Daarom is die literatuurbeskouing van die 'Redaktionsgeschichte', net soos dié van die 'Formgeschichte', geneties-kousaal. "De schrijver blijft de exponent van zijn omgeving" (Vorster 1982d: 107). Hierdie siening word bevestig deur die volgende uitspraak van Kesich (1972:41): "The evangelists can not be considered authors of the Gospels in the modern sense. A modern writer is

fully responsible for the form and context of his work. The evangelists did not create their own pattern, but derived it ... they were members of the Christian community and each of them expressed the faith of the church".

Volgens die 'genetiese verklaringswyse' is die terugvind van die *oorsprong* en *ontwikkeling* van verskynsels tegelykertyd die *verklaring* daarvan (Lategan 1982:58). Dit is 'n positivistiese literatuurbeskouing, omdat die evangelies as historiese dokumente beskou word wat (net soos enige ander antieke teks) op grond van noodsaaklikheid en kousaliteit verklaar moet word. In só 'n verklaringswyse is die wording van die teks en die invloed van die skrywer op die inhoud daarvan die objek van die ondersoek (Vorster 1982d:94). Die 'genetiese verklaringswyse' kan daarom met reg as die uitgangspunt en samebindende element gesien word tussen die histories-kritiese metodes, soos die 'Literargeschichte', die 'Traditionsgeschichte', die 'Formgeschichte' en die 'Redak= tionsgeschichte'(Lategan 1982:58).

Só gesien, is Güttgemanns nie heeltemal korrek om te meen dat daar 'n diskontinuïteit tussen die 'Formgeschichte' en die 'Re= daktionsgeschichte' bestaan nie. Laasgenoemde is nie denkbaar sonder die insette van ander metodiese fasette van die historiese kritiek nie. Dit word gekruisstut deur die resultate van die 'Gattungsforschung' en veral dié van die bronne-kritiek en die 'Traditionsgeschichte'. In dié sin bestaan daar in die histo= riese ontwikkeling van die evangelienavorsing 'n kontinuïteit tussen die 'Traditions'- en 'Formgeschichte' en die 'Redaktions= geschichte'.

Teoreties is die 'Redaktionsgeschichte' 'n heel eenvoudige be= nadering (kyk ook Vorster 1975:36vv). Die evangelie as eind= produk, die geheelopset daarvan, word met die oog op die skeiding tussen tradisie en redaksie ondersoek. Hierdie redaksie-plus of redaksie-minus dui die bedoeling van die redaktorevangelis aan. Uit die redaksionele ordening, byvoeging, weglating, stilistiese verwerking van bronne, ensovoorts, word die evangelis se eie interpretasie van die bronne afgelees. Op hierdie manier word die evangelis self aan die woord gestel en kan sy eie teologiese intensie deur die ondersoeker bepaal word.

Dit sou nie 'n oordrywing wees nie om te beweer dat die meeste vermeldenswaardige Matteusstudies wat gedurende die sewentiger= jare gepubliseer is, 'redaktionsgeschichtliche' ondersoeke is (vgl Harrington 1975, Hickling 1976:103v; Kingsbury 1977:12). In hierdie ondersoeke word in kontinuïteit met die bronne-kritiek, deur van die 'tweebronne-teorie' uit te gaan, en in kontinuïteit

met die 'Traditions'- en 'Formgeschichte', deur te konsentreer op die 'Sitz im Leben Ecclesiae", die teologiese profiel van Matteus uit die redaksie-plus-die Markusevangelie/Q-bron en die redaksie-minus-die Markusevangelie/Q-bron afgelees. Die Markus=evangelie word veral as belangrik beskou omdat die outeur van die Matteusevangelie sy redaksionele arbeid binne die Markusraam=werk verrig. Dit is soos Crossan (1978:53) dit by wyse van vraag en antwoord stel: "What happened to (the) Markan form/content ...? What happened, for me, was Mattew and Luke and John .... For what Mark did, genetically to Mattew and Luke and how I do not know to John, was to trap them within his form with a content they could not accept, to seduce them within his structure with a substance they could not share".

Die teologie van die Matteusevangelie is met behulp van die 'Redaktionsgeschichte' al gedefinieer as: 'n hersiende uitgawe van die Markusevangelie met die doel om die gemeente te teken as die 'ware Israel' wat die Jodedom as die 'valse Israel' vervang (Trilling 1964:95v); 'n historiese refleksie in diens van die prediking waarmee antwoord gegee is op die twyfel of God nog getrou is aan sy beloftes (in die Ou Testament gegee), deur daarop te wys dat God inderdaad deur die geskiedenis heen getrou gebly het en dat sy beloftes in Jesus en in die kerk tot vervul=ling kom (Frankemölle 1974:118v; 142; 219v; 257-61; 319-21; 358; 384-400); 'n 'wetsdokument' om die gemeentelede te bemoedig en tot getrouheid op te roep met betrekking tot Jesus se normatiewe interpretasie van God se wil, in teenstelling met die Farisese Judaïsme en die Hellenistiese antinomianisme (Hummel 1966:66-75; 162-73); 'n redaksionele verwerking van die Markusevangelie met 'n apologetiese funksie na 'buite' èn 'n onderrigtende funksie na 'binne': na 'buite' as hulp vir Matteus se gemeente in dié se debat met die Judaïsme dat Jesus die Messias is en na 'binne' as onderrig aan Matteus se gemeente oor die Joodse oorsprong van hulle geloof en oor die etiese implikasies van Christen-wees (Nickle 1981:112v); 'n 'Leben-Jesu'-komposisie met eskatologiese relevansie wat aangebied is as die 'weg tot geregtigheid' in die voortgaande 'heilsgeskiedenis' teen die agtergrond van die uitbly van die paroesie (Strecker 1966:45-9; 184-8); 'n teologiese refleksie, met die doel om 'n korrelaat te trek tussen die dissi=pels in die Matteusevangelie en die Christene in die gemeente wat dieselfde neiging openbaar - 'n voortbouing van Strecker se mening dat daar 'n 'historiserende' en 'idealiserende' tendens in die Matteusevangelie aanwysbaar is (Luz 1971); 'n teologiese refleksie (teen die agtergrond van die 'heidensending' en die 'Christenvervolging'), waarin die 'Leben-Jesu' en die 'optredes van die dissipels' ineenvloei, met die doel om 'n 'heilsgeskiede=nis' te skilder wat die fases vertoon van die 'voorgeskiedenis

van die Messias', die 'geskiedenis en roeping van Israel' en die 'roeping van die heidene' (Walker 1967:114v); 'n komposisie wat bepaal word deur die interne verdeeldheid binne die gemeente en die eksterne opposisie van die kant van die heidene (Thompson 1970:244; 252-4; 262); 'n geskrif wat die blywende geldigheid van die wet beklemtoon teenoor die antinomianisme van die heiden-Christene in die gemeente en wat terselfdertyd die universele implikasies van die Jesusgebeure beklemtoon teenoor die dreigende rejudaïsering van die Farisese Christene in die gemeente (Barth 1961:54-154; vgl ook Combrink 1980:72); 'n geskrif wat (net soos die Lukasevangelie) die Q-bron en die Markusevangelie integre=rend geabsorbeer het, sodat 'n balans verkry kon word tussen aan die een kant die sogenaamde gnostiese invloed op 'n 'vergeeste=like' evangelie (die Q-bron) en aan die ander kant die 'histori=sering' van die Markusevangelie (Grech 1972:272); 'n onder=steuning vir dié in die gemeente wat verward is deur 'n valse alternatief tussen 'n streng wetsbeskouing in die Farisese Christendom en 'n sterk charismatiese Hellenistiese Christendom (Schweizer 1974); 'n geskrif vir 'n Hellenistiese gemeente met die oog op uitsluitlik die heidensending, hoewel dit nie inhou dat die historiese Jesus nie self die heidensending begin of antisipeer het nie (Green 1975:21v); 'n geskrif met die bedoe=ling dat dit gelees moet word teen die agtergrond van die 'kon=solidasie van die ortodokse Judaïsme', einde eerste eeu nC (Davies 1966); 'n teologiese refleksie teen die agtergrond van die reeds voldonge breuk tussen Matteus se gemeente en die Judaïsme (Filson 1960; Rohde 1966; Blair 1967 en Hare 1967) of teen die agtergrond van dié konflik wat hom nog 'intra muros' voltrek (Bornkamm 1961a: Barth 1961 en Held 1961 - 'n siening wat geïnisieer was deur suggesties van Von Dobschütz in 1928, op=gevolg deur Bacon 1930); 'n refleksie van die teologiese omstan=dighede in die 'Sitz im Leben Ecclesiae': Kingsbury (1969) het op grond van 'n studie van die parabeldiskoers in Mt 13 die volgende probleme in Matteus se gemeente gerekonstrueer: materia=lisme, sekularisme, geestelike luiheid, afvalligheid en wetteloos=heid. Die gemeente word volgens Kingsbury van binne-af deur onder andere wonderdoenende valse profete gerysmier en van buite-af deur heidense, maar ook en veral deur Joodse, vervolginge. Kretzer (1971) lees, vanuit die aanwending van die *basileiá*-konsep in die Matteusevangelie, die omstandighede binne die his=toriese leserskring af, naamlik liturgiese invloed, missionêre aktiwiteit en kategetiese paranese. In 'n resente artikel (1980) lokaliseer Kretzer die skrywer van die Matteusevangelie as 'n Hellenistiese Jood-Christen in Sirië (Antiogië?) wat "manche Fragen und Spannungen innerhalb des Werkes aus dem zeitgeschicht=lichen Milieu und aus dem sozio-kulturellen Hintergrund" (Kretzer 1980:131) probeer opklaar. Volgens Künzel (1978:163v; 178; 258),

staan die Matteusgemeente in 'n'Vierfrontenkrieg' (Frankemölle 1982:131). Enersyds die 'doppelte Frontstellung' tussen die buite-gemeentelike reeds voldonge breuk tussen 'kerk' en 'sina= goge'. Andersyds die binne-gemeentelike 'doppelte Frontstel= lung' tussen 'nomistiese skrifgeleerdheid' en 'charismatiese antinomianisme'.

D J Harrington (1975) het die eerste dekade van 'redaktions= geschichtliche' Matteusstudies oorsigtelik saamgevat. Sy same= vatting van die resultate daarvan (kyk Harrington 1975:388) is onses insiens verteenwoordigend van die resultate van die totale 'redaktionsgeschichtliche' periode in die Matteusnavorsing. Hierdie samevatting (kyk gekursiveerde uitsprake hieronder) dien as die vertrekpunt van die volgende bespreking van bepaalde fasette in die moderne Matteusnavorsing:

*Navorsers besef in toenemende mate dat Matteus met ernstige pro= bleme in sy gemeente te kampe gehad het.* Hierdie aangeleentheid hou verband met die konsep 'kontekstualiteit' as historiese pro= bleem. Hierdie probleem handel oor die kwessie van die aard van die historiese agtergrond waarteen Matteus sy evangelie geskryf het. 'n Groeiende konsensus tree vorendag dat die evangelie geskryf is ná die skeiding tussen kerk en sinagoge. Baie Matteus-navorsers, soos byvoorbeeld Walker (1967:114v), Hare (1967:157; 1975:359-69), Trilling (1964:95v), Green (1975:21v), Clark (1980: 1) en Luz (1982b:iv) meen dat Matteus 'n breuk gesien het tussen die tyd van die sending aan die Jode op die voor-pase tydsvlak (die sogenaamde 'Joods-partikularistiese' tendens - vgl Mt 10:5v) en dié van die heidensending (die sogenaamde 'heidens-universa= listiese tendens - vgl Mt 28:19). Ander ondersoekers, soos by= voorbeeld Grundmann (1968:577v), Schmid (1965:269-73), Schniewind (1968:250-4), Frankemölle (1974:121v), Wilckens (1975:363-72; 82v), Meier (1977: 94-102) en Weren (1979:106-12), toon egter weer aan dat die uitdrukking *pánta tà ethnē* in Mt 28:19 nie slegs op heidene betrekking het nie. Inteendeel, dit verwys na nie-Jood én Jood.

*'n Sensitiwiteit is by ondersoekers merkbaar oor die literêre en teologiese aanwending van verskillende groepe en individue deur die evangelis, soos die Joodse leiers, die dissipels, die Joodse skare, Johannes die Doper, ensovoorts.*

Wat die Joodse leiers betref, het verskeie navorsers (vgl o a Walker 1967:11-29; Van Tilborg 1972:1; Garland 1979:41vv) daarop gewys dat, nieteenstaande 'n hele aantal name en kombinasies van name waaronder hulle in die Matteusevangelie bekend staan, hulle as 'n 'enkele' karakter met 'n spesifieke rol funksioneer. Vol=

gens Van Tilborg word die Joodse leiers met veral drie 'bena=minge' (wat as 'titels' beskou kan word) deur Matteus gekarak=teriseer: *ponēroí*, *foneîs* en *hupokritaí*. Met die benaminge *poneroí*, *huiòi tôû ponēroû* (Mt 13:38), *geneà ponērà* (Mt 12:39; 16:4) en *huiòi geénnēs* (Mt 23:15) neem Matteus die tema op van die Joodse leiers as die 'handlangers van Satan' (kyk Van Til=borg 1972:167). Die sinspeling op die motief van die 'doodmaak van die profete is weer in die benaming *foneîs* aanwesig (kyk Mt 5:12b; 23:29-32). Die benaming *hupokritaí* (kyk Mt 23:3b; 15:7vv; 23:27v) druk vier aspekte van die karakter van die Joodse leiers uit: (i) die *hupokritaí* is die 'goddeloses' wat die wet en die profete nie gehoorsaam nie; (2) hulle is die 'dubbel=hartiges' wie se innerlike gesindheid en optrede nie ooreenstem met die uiterlike formele handelinge nie; (3) hulle is die 'huigelaars' wat met die oog op roem en beloning handel en (4) hulle is die 'tweegesigte' wat voorgee wat hulle nie is nie (kyk Van Tilborg 1972:166). Die laasgenoemde karaktertrek word ook weerspieël in die sarkastiese gebruikmaking van 'n benaming soos 'seuns van die koninkryk' (Mt 8:12). Haenchen (1951:59) toon aan dat hierdie ironie ook gevind word in benaminge soos 'addergeslag' (Mt 12:34) en 'blinde leiers' (Mt 15:14; 23:16-22). Dié skynheiligheid is volgens Garland (1979:99) die 'essence of hypocrisy".

Wat die dissipels betref, wys Garland daarop dat dieselfde iro=niese karaktertrek wat by die Joodse leiers aangetref word, volgens Matteus 'n potensiële gevaar vir hulle is: "The disciples as leaders are susceptible to the same cataracts that blinded the scribes and Pharisees" (Garland 1979:38). Hierdie tendens in Matteus se dissipelbeeld is sedert die verskyning van die twee epogmakende Matteusstudies van Günther Bornkamm (1961a en 1961b), die eerste navorser wat die 'Redaktionsgeschichte' in die eksegese van die Matteusevangelie toegepas het, telkens deur Matteus=navorsers uitgewys. Anders as by Markus (kyk o a Best 1977:387v en Klauck 1982:2, 10v, 13, 26), vervul die dissipels in die Mat=teusevangelie sowel 'n positiewe rol as 'n negatiewe (vgl o a Minear 1974a en 1974b). Bornkamm se eerste studie in dié verband het in 1948 verskyn. Deur middel van 'n vergelyking van Mt 8: 23-27 met sy bron Mk 4:35-41 wat handel oor die episode waarin Jesus die storm stilgemaak het, toon Bornkamm aan hoe Matteus uitdrukking gegee het aan sy eie teologiese intensie. Hy wys daarop dat Matteus interpreterend omgegaan het met Markus. Mat=teus het naamlik die volgorde van die gebeure in die vertelling omgekeer sodat ons in die Matteusevangelie eers die oordeel oor die dissipels se kleingeloof kry en daarna die werklike stilmaak van die storm. Deur dit te doen, beeld Matteus volgens Bornkamm 'n spesifieke situasie in die 'Sitz im Leben Ecclesiae' uit wat

tipies is van dissipelskap in die algemeen. *Dissipels* is naam=lik *kleingelowiges* (kyk ook Perrin 1970:4). Die tweede studie van belang het in 1954 verskyn. Hierdie artikel van Bornkamm is die eerste deurtastende 'redaktionsgeschichtliche' ondersoek na die teologiese besonderhede en sentrale tematiek van die Matteus=evangelie. Bornkamm het hierin veral gekonsentreer op die rede=voerende gedeeltes waarin Jesus se onderrig na vore kom. Hy toon aan dat daar by Matteus 'n samevoeging ("Verklammerung") van ekklesiologie en eskatologie te vind is (kyk ook Rohde 1966:44). Volgens Bornkamm getuig hierdie redevoerende gedeeltes van Mat=teus se eie teologiese beskouing oor die verhouding tussen ekklesiologie en eskatologie. Hy wys daarop dat Mt 13, met sy sewe gelykenisse oor die koninkryk van die hemel, die gedagte na vore bring dat Matteus se gemeente nie slegs 'n versameling van uitverkorenes en regverdiges is nie, maar 'n '*corpus mixtum*' wat die eindgerig tegemoetgaan. Die 'koring' sal by die paroesie van die 'kaf' geskei word. Sedert Bornkamm se bovermelde twee artikels bestaan daar onder 'redaktionsgeschichtliche' eksegete wyduiteenlopende menings oor wie in die 'Sitz im Leben Ecclesiae' van die Matteusevangelie die twaalf dissipels sou verteenwoordig. Die verskillende opinies kan breedweg in twee denkrigtings ge=kategoriseer word. Eerstens is daar die mening dat die dissipels as 'proto-apostels' die analogie is vir die draers van die apos=toliese tradisie in die Matteus-gemeentekring, met ander woorde die *kerkleiding* (vgl bv Bornkamm 1961b: Hummel 1966 en Kähler 1976). Sommige voorstanders van hierdie standpunt meen verder dat die na-pase dissipelsending beskou moet word as die 'kontinu=ering' van die voor-pase Jesussending (vgl bv Minear 1974a:31; Senior 1976 en Aguirre 1981). Frankemölle (1974:82) stel dit soos volg: "Der Weg Jesu ist also der Weg der Jünger ..." en Senior (1976:670): "Perhaps no evangelist performed this 'minis=try of continuity' with more skill than Matthew. To study his Gospel under the rubric of 'continuity' is to discover the core of his message". Tweedens is daar die mening dat die dissipels deur Matteus as *voorbeeld* voorgehou word vir die tipiese indivi=duele lidmaat in die Matteus-gemeentekring (vgl bv Strecker 1966; Walker 1967; Luz 1971 en Kingsbury 1979a). Beide menings gaan van die hipotese uit dat Matteus se evangelie 'n 'transparant' is van Matteus se gemeente. Die dissipels (en so ook ander figure - vgl bv Frankemölle 1974:193, 218 met betrekking tot die 'Joodse skare') verwys in die eerste instansie na die 'historiese' dissipels maar verwys ook tegelykertyd na persone in Matteus se gemeente. Brown (1978:90) formuleer dit soos volg: "... Jesus instructs the Matthean community through the *transparency* of the twelve missionary disciples" (my kursivering).

Twee persone in die dissipelkring, Judas Iskariot en veral Petrus,

het besondere aandag in die Matteusnavorsing gekry. Die studie van Matteus se Petrusbeeld was merendeels gefokus op die inter=pretasieprobleme in verband met die Petrusbelydenis (Mt 16:13-20). Hierdie gedeelte is tot in 1962 hoofsaaklik langs konfessionele lyne geïnterpreteer, hetsy Protestants hetsy Rooms-katoliek (vgl Kingsbury 1979a:67). Vanaf 1962 is egter al hoe meer aan=dag gegee aan die funsionele rol wat Petrus in die evangelie vervul. Veral twee aspekte van dié rolvervulling is uitgewys: (1) Petrus is die *fondament* èn die *garant* van die aposteltra=disie vir Matteus se gemeente (vgl o a Kähler 1976:37). Jesus bou die gemeente op Petrus deur aan hom die 'sleutels van die koninkryk van die hemel' te oorhandig (Mt 16:18v; vgl ook Mt 18:18). Fuller (1967:312) wys daarop dat hierdie logia "refers not to the familiar picture of Peter as the doorkeeper of heaven, but to Peter's activity on earth as ... the preacher ... which becomes presently operative not after Caesarea Philippi, but precisely after Easter, when Peter and the Twelve launch the kerygma" (kyk ook o a Jeremias 1938:749vv; Heil 1981:107 en Beare 1981:355v). Die interpretasie van die 'sleutels' as verwysing na Petrus se sending- en leeropdrag word volgens J P Meier bevestig deur die beeldspraak in Mt 16:19 in verband met die 'oopsluit' en die 'toesluit' van mense in die koninkryk van die hemel: "These are technical rabbinic terms. Applied to 16:19, they seem to refer to a rabbi's power to declare particu=lar acts permissible or forbidden" (Meier 1979:113). (2) Petrus vervul die rol van die *tipe* van die dissipels en wel in die sin van '*primus inter pares*' (vgl o a Strecker 1966:198-206; Luz 1971:152; Brown *et al* 1973:75-107; Frankemölle 1974:155-8 en Kings=bury 1979a:71v). Kingsbury wys daarop dat Matteus deurgaans na Petrus verwys as *Pétros*. Selfs waar hy die naam *Símōn* gebruik, verbind hy dit, soos dit vanuit die konteks blyk, met die naam *Pétros* (Mt 4:18; 10:2; 16:16-18; 17:24-35). Matteus verleen groter prominensie as Markus aan die figuur van Petrus, in sowel negatiewe as positiewe sin. Petrus word geteken as die 'eerste' (*prōtos*) in die dissipelkring (Mt 10:2). Hierdie waarneming is volgens Kingsbury, in die lig van Matteus se voorstelling van die konsep 'heilsgeskiedenis', baie belangrik. Petrus het in die Matteusevangelie 'n "salvation-historical primacy" wat op tweër=lei wyse na vore kom. Eerstens tree Petrus deurgaans op as die *spreekbuis* van die dissipels. Tweedens maak Matteus vir Petrus *tipies* of *verteenwoordigend* van die dissipels. In aansluiting by Kähler (1976), wat meer erns maak met Petrus in die rol van die outoritatiewe 'garant' van die 'apostoliese tradisie' in Matteus se gemeente, gaan Schenk (1983:70) verder en beweer: "Petrus ist also weder nur *Typ des Christen* noch nur *Typ des Gemeindeleiters*, sondern er hat als der *massgebende Buchgarant* dieser Jesusbiographie (die 'Matteusevangelie' - A G v A) ekkle=

siologischen Grundlagenwert" (my kursivering).

Van Unnik (1974) het 'n ander figuur in die dissipelkring onder oënskou geneem, naamlik Judas Iskariot. Hy het 'n studie gemaak van die vertelling oor Judas Iskariot se selfmoord (Mt 27:3-10). Hy wys Schniewind (1968:265) se mening af dat Matteus Petrus kon=trasteer met Judas Iskariot: "En hy (Petrus) het buitentoe ge=gaan (*exelthōn exō*) en bitterlik gehuil" (Mt 26:75) en "Judas het ... weggeloop (*apelthōn*) en homself gaan ophang" (Mt 27:5). Van Unnik (1974:47v) wys daarop dat die partisipium *metamelētheis* (redaksiemateriaal) in Mt 27:3, wat as omstandigheidskildering met betrekking tot die motief van Judas se selfmoord funksioneer, nie as 'n sinoniem vir die woord *metanoeîn* gebruik is nie. Vol=gens hom 'beteken' *metanoein* 'totale omkeer', terwyl *metamélesthai* die gedagte weergee van 'hink op twee gedagtes': "... first one did a thing, later one decided to do something else, which of course for some reason or another one thought was the better course. And in that way it (*metamélesthai*) may imply the notion of 'regret'" (Van Unnik 1974:48; kyk ook Meier 1980b:338). Van Unnik toon aan dat hierdie gebruik van die term *metamélesthai* ook deur die kontekste van die ander twee plekke in die Matteus=evangelie (Mt 21:29 en 32) waar die term voorkom (beide ook Mat=teus se redaksie), geïmpliseer word. Anders as Gärtner (1971:37) wat meen dat Judas se selfmoord 'n antisipasie is van die lot wat die goddelose by die paroesie van die Menseseun tref, is Van Unnik van opinie dat Judas ten einde laaste die evangelie aanvaar het. Sy dood, gesien vanuit 'n Joodsgodsdienstige perspektief, het sy oortreding geneutraliseer.

Bornkamm (1961a:38) het op 'n ander interessante aspek van die karakter van Judas Iskariot gewys. Judas, anders as die res van die dissipelkring, verwys na Jesus met die benaming *rabbí* (Mt 26:25 en 26:49). Die ander dissipels noem Jesus *kúrios* (vgl veral Mt 26:22 met 26:25). Dit is opvallend dat dit net verder die Joodse leiers is wat Jesus *didáskalos* of *rabbí* noem (kyk o a Mt 9:11 en 17:24). In die Markus- en Lukasevangelies kom 'n so=danige parallelisme met betrekking tot hierdie benaminge nie voor nie. In sowel die Markusevangelie (kyk Mk 4:38; 9:5, 38; 10:35; 13:1) as die Lukasevangelie (kyk Lk 21:7) kom die vokatief *didáskale* of *rabbí* met verwysing na Jesus wel in die mond van die dissipels voor. Matteus het aan die ander kant dié benaming, in die mond van die dissipels, na *kúrie* verander (vgl Mt 8:25 met Mk 4:28; Mt 17:4 met Mk 9:5; Mt 20:33 met Mk 10:51). Die bena=ming *rabbí* in Mk 11:21 is deur Matteus weggelaat.

Wat die rol van Johannes die Doper in die Matteusevangelie betref, is ondersoekers dit almal eens dat Matteus dié rol 'onveranderd'

van Markus oorgeneem het (kyk Trilling 1959:271-89; Wink 1968: 27-41; Sand 1974:127-37 en Meier 1980b:383-405). Die essensie daarvan is dat Johannes die Doper die funksie vervul van 'n 'parallelle lydensfiguur' wat die lyding en dood van Jesus voor= afskadu en antisipeer. Daar bestaan egter nie konsensus onder navorsers in verband met die spesifieke beklemtoning in Matteus se beeld van Johannes die Doper in onderskeid met dié van Markus nie. Wink (1968:41) byvoorbeeld, op voetspoor van Trilling (1959: 289), is van mening dat Matteus 'Israel' se skuld wou verswaar deur te beklemtoon dat 'Israel' vir Jesus sowel as Johannes die Doper se dood verantwoordelik is. Volgens Trilling en Wink het Johannes die Doper se parallelle lyding en dood met betrekking tot dié van Jesus, vir Matteus 'n verdere rede gebied waarom hy die 'kerk' as 'Israel' se vervanging in die 'heidlsgeskiedenis' sien. Hierdie 'parallelisme'-motief kom volgens Hill (1964/5: 296-302) duidelik na vore in die aanwending van die benaming *profētēs* vir sowel Jesus as Johannes die Doper (vgl veral Mt 21: 26 met 21:46). Hoewel daar in die gebruik van die benaming *profētēs* vir Johannes die Doper 'n eskatologiese motief, in die sin van die 'eindtydelike profeet' as herout, in die Matteus= evangelie aanwesig is (vgl bv die 'Elia redivivus'-motief in Mt 17:10-13 - kyk Cullmann 1966:22-8), speel hierdie motief in die Matteusevangelie 'n ondergeskikte rol. Sand (1974:125v) wys daarop dat die motief van die sogenoemde 'Prophetenschicksal' wat in die kontemporêre Judaïsme goed bekend was, in die Matteus= evangelie die oorheersende is.

*'n Aanvoeling is, volgens Harrington se bovermelde oorsig (1975), in die Matteusnavorsing merkbaar dat 'n omvattende beskrywing van Matteus se Christologie vanuit 'n 'redaktionsgeschichtliche perspek= tief nodig is.*

J D Kingsbury probeer om met die verskyning van sy boek *Matthew: Structure, christology, kingdom* in 1975 dié leemte te vul. Nor= man Perrin beweer op die stofomslag van dié werk dat dit enersyds die belangrikste boek tot op hede (1975) is met betrekking tot die metode van interpretasie van die Matteusevangelie en andersyds die nuwe beginpunt is vir navorsers van toekomstige Matteusstudies.

Sedertdien het Kingsbury sowel voorwaardelik navolging (kyk o a Nolan 1979 en Meier 1979) as skerp kritiek (kyk o a Barr 1976: 351; Borsch 1977; Kekck 1980; Hill 1980a en Tatum 1981) ondervind. Kingsbury meen dat Matteus die skopus van sy teologie saamgevat het in één Christologiese titel ('Seun van God') wat soos 'n brandglas al die strale in een brandpunt opvang. Hy is egter nie die eerste ondersoeker wat van mening was dat Matteus 'n sekere titel(s) as die dominante titel(s) beskou het nie. Daar was in

der waarheid, vőőr en nā Kingsbury, verskeie en uiteenlopende standpunte in dié verband.

Die volgende onderskeie titel(s) is in die verlede, sover my kennis strek, as die sogenaamde dominante Christologiese titel(s) in Matteus se teologie gereken: 'Seun van Dawid' ten opsigte van die 'aardse' Jesus in die voor-pase periode èn 'Kurios' ten opsigte van die 'opgestane' Jesus in die na-pase (eskatologiese) periode (Strecker 1966:118-20, 123-6); 'Kurios' (Trilling 1964: 21-51; Frankemölle 1974:80, 85, 89, 144, 377, 398); 'Menseseun' (Blair 1960:83; Lange 1973:238-41, 245-6, 487-98); 'Kurios' èn 'Menseseun' (Davies 1966:96-9); 'Messias' (Gaston 1975); 'Koning van die Jode' (Schniewind 1968:1); 'Seun van God' (Kingsbury 1975:40-83 en 1977:34-53) en 'Seun van God' èn 'Kneg' (Gerhardsson 1973). Die 'dominante' titel(s) funksioneer vol= gens hierdie navorsers ŏf inhoudelik inklusief deurdat dit al die ander titels in die Matteusevangelie sou omvat (vgl bv die 'Seun van God'-titel by Kingsbury, of die 'Kneg'-titel by Gerhardsson) ŏf kontingent deurdat al die ander titels hulle selfstandigheid behou, maar as 'auxiliary titles' resessief die dominante een onderbou (vgl bv die resessiewe funksionaliteit van die 'Menseseun'-titel ten opsigte van die 'aardse' 'Messias'-titel by Walker (1967:128-32); dié van die 'Kurios'-titel ten opsigte van die 'Seun van God'-titel by Kingsbury (1975:103-13); dié van die 'Messias'-titel en 'Seun van God'-titel ten opsigte van die 'Seun van Dawid'='Koning'-titel by Nolan (1979:149, 216-21; 244); en die ellips-voorstelling van Meier (1979:118) waar= volgens die 'Seun van God'-titel èn die 'Menseseun'-titel reses= sief ten opsgite van *die* 'Seun'-titel funksioneer).

Deesdae klink al hoe meer stemme in die Matteusnavorsing op wat waarsku teen 'n oorbeklemtoning van Christologiese titels en veral teen die soeke na dié sogenaamde 'sentrale' titel in die teologie van die evangelis. Die volgende opmerkings van onderskeidelik Keck (as kritiek op Kingsbury en op die ellips-voorstelling van Meier) en Hill (as kritiek op Kingsbury en op Nolan) is daarom van belang: "... concentrating on christological titles actually misses much of what the New Testament, and the early Christians as well, wanted to say about Jesus .... The same is true for the Gospel according to Matthew. This Gospel includes a great many titles, like Emmanuel, Son of David, Son of God, Son of Man, Christ. Yet Matthew is not as concerned to show how these titles are related to each other as are modern scholars" (Keck 1980:9). "But like most of these who pursue, with enthusiasm and single mindedness, the search for one over-arching christological theme ... he (B M Nolan - A G v A) underrates other motifs and has to press some material to fit his predetermined mould" (Hill 1980b: 68).

*Navorsers beskou die Ou-Testamentiese 'vervullingssitate' as deel van Matteus se redaksionele (teologiese) aktiwiteit, terwyl ingesien word dat die gebruik van die Ou Testament in die Matteusevangelie nie enkelvoudig van aard is nie.*

Combrink (1979:56) wys daarop dat die idee van die *vervulling van die Ou Testament* 'n baie meer prominente rol in die Matteus- en Lukasevangelies speel as in die Markusevangelie. Hierdie verskynsel is deur ondersoekers in verband gebring met die sogenoemde 'Heilsgeschichte' wat in eersgenoemde twee evangelies aangetref word. Marxsen (1959) het met sy 'redaktionsgeschichtliche' studie van die Markusevangelie hierdie ondersoek ingelui. Marxsen (1959:64) het die opinie uitgespreek dat Matteus sy evangelie uitgaande van drie tyds-fases geskryf het, naamlik die 'tyd van die evangelis en sy gemeente'. Hy het aangetoon dat, soos daar vir Matteus 'n korrelasie tussen die 'tyd van die aardse Jesus' en die 'tyd van die evangelis en sy gemeente' bestaan, so bestaan daar ook 'n korrelasie tussen die 'tyd van die aardse Jesus' en die 'tyd van die Ou Testament'. Laasgenoemde korrelasie word deur middel van veral die *vervullingssitate* uitgedruk: "Dieser Abschluss der Jesuszeit entspricht dann aber auch ein Beginn, vor dem eine weitere Epoche sichtbar wird, die des AT. Von dorther ist es dann zu verstehen, wie der Evangelist durch den ihm eigentümlichen 'Schriftbeweiss' beide Epochen miteinander verbindet" (Marxsen 1959:64). Sy mening kom basies ooreen met Conzelmann (1977) se bevinding met betrekking tot die Lukas-Handelinge korpus. Hiervolgens vorm die 'tyd van Jesus' die middelpunt tussen die 'tyd van die Ou Testament' en die 'tyd van die kerk'.

Strecker (1966:86-93) en Walker (1967) is sterk deur Conzelmann beïnvloed. Hoewel hulle van mekaar met betrekking tot sekere fynere besonderhede verskil, stem Strecker en Walker egter saam dat daar drie tydsfases in die Matteus-evangelie onderskei kan word. Walker (1967:115) verwys na hierdie drie tydsfases as die 'voorgeskiedenis van die Messias' wat met Abraham 'n aanvang geneem het, die 'geskiedenis van die roeping van Israel' (die 'partikularistiese' tendens) wat bestaan uit die dienswerk van Johannes die Doper as die voorloper van die Messias en dié van Jesus self as die "Mitte der Mitte", en laastens die 'geskiedenis van die heidensending' (die 'universalistiese' tendens) wat met die kruisiging en opstanding van Jesus 'n aanvang geneem het en tot die oordeelsdag toe strek en daarom gedeeltelik met die tyd van die evangelis saamval. Strecker (1966:184-8) verwys na die drie tydsfases as die 'tyd van die vadere en die profete', die 'tyd van Jesus', en die 'tyd van die "Heidenkirche". Net soos Walker (1967:115), beskou Strecker (1966:187) Johannes die

Doper as deel van die 'tyd van Jesus'. Hierdie 'tyd' het met Jesus se dood en opstanding na die 'eskatologiese tyd' oorge=gaan. Trilling (1969a en 1969b) het eweneens in twee afsonder=like artikels, respektiewelik oor die kruisiging en die opstan=ding, aangetoon dat die "Wende der Zeit" op hierdie punt in die Matteusevangelie plaasvind.

Anders as Strecker en Walker onderskei Kingsbury (1973:471) nie drie tydsfases in die Matteusevangelie nie, maar twee. Hy formuleer sy siening soos volg: "It has long been recognized that especially the formula quotations in the first Gospel reveal that Mt has theological affinity for the categories of 'prophecy' and 'fulfilment'. These terms aptly characterize Mt's view of the history of salvation. There is the 'time of Israel', which is preparatory to and prophetic of the coming of the Messiah; and there is the 'time of Jesus ...', in which the time of Israel finds its fulfilment and which, from the vantage point of Matthew's day, extends from the beginning of the ministry of John and of Jesus (past) through post-Easter times (present) to the coming consummation of the age (future). In Mt's scheme of history, one does not, strictly speaking, find any such epoch as the 'time of the Church', for this 'time' is subsumed under the 'last days' inaugurated by John and Jesus". Kingsbury verskil dus nie van Strecker en Walker wat die *begin* van die 'tyd van Jesus' betref nie, maar wel met betrekking tot die *einde* van dié tyd. Hy is naamlik van mening dat daar nie 'n wending in 'tye' by die dood en opstanding van Jesus plaasge=vind het nie, maar dat die 'eskatologiese tyd' volledig met die 'tyd van Jesus' saamval. Hierdie 'eskatologiese tyd' begin by die aanvang van die dienswerk van Johannes die Doper. Aldrie bogenoemde geleerdes is in hierdie verband van mening dat Mt 3:1, as die aanvang van Johannes die Doper se dienswerk, die skeiding tussen die 'tyd van die Ou Testament' en die 'tyd van Jesus' aandui. Volgens hierdie opinie skei die elemente *belofte* (die 'tyd van die Ou Testament') en *vervulling* (die 'tyd van Jesus') die twee tydsvlakke. Kingsbury (1973:470; vgl ook Strecker 1966:87) bou sy argument hoofsaaklik op die tydsformule, *en ekeinais taîs hēmérais*, wat in Mt 3:1 en Mt 24:19, 22, 29 voorkom. Hy meen dat hierdie tydsformule uitsluitlik 'n eska=tologiese konnotasie het en dat Matteus daarme na die 'tyd van Johannes die Doper', die 'tyd van Jesus' en die 'tyd van die kerk' verwys. Dit is op grond van hierdie aanwending van die gemelde tydsformule dat daar in die Matteusevangelie volgens Kingsbury nie 'n skeiding tussen die 'eskatologiese gemeente' en die 'tyd van Jesus' voorkom nie, maar wel 'n skeiding tussen die 'tyd van die Ou Testament' en die 'tyd van Jesus'.

Trilling (1969a en b) het, soos reeds vermeld, in twee afsonder= like artikels, respektiewelik oor die kruisiging en die opstan= ding van Jesus, aangetoon dat hy 'n ander mening as Kingsbury in verband met die "Wende der Zeit" in die Matteusevangelie het. Trilling, en ook Meier (1975:207 en 1976:30-5), is van mening dat die kruisiging en opstanding van Jesus die "Wende der Zeit" inlei. Meier gaan egter verder en beweer dat daar 'n radikale skeiding bestaan tussen die 'ou tyd' en die 'nuwe tyd'. Die 'ou tyd' stel hy gelyk aan die 'tyd van die Ou Testament' en dus gelyk aan die eis van gehoorsaamheid aan die Mosaïese wet en die tyd van die Joods-partikularisme. Die 'nuwe tyd' stel hy gelyk aan die periode van die universalisme wat met die dood en opstanding van Jesus 'n aanvang geneem het en wat reeds tydens die 'ou tyd' deur tekste soos Mt 8:5-13 en 15:21-8 vooruitge= flits is. Meier bou sy argument hoofsaaklik op die doopopdrag aan die dissipels ten opsigte van die *pánta tà ethnē* (Mt 28:19). Volgens hom vervang die doop die besnydenis wat die 'ou tyd' simboliseer. Net soos die partikularisme tendens oorgegaan het in die universalisme-tendens, so verval by die dood en opstan= ding van Jesus volgens Meier die eis van die gehoorsaamheid aan die Mosaïese wet. Variasies op hierdie siening word onder andere by Trilling en Hamerton-Kelly aangetref. Die opgestane Christus het volgens Hamerton-Kelly (1972) met sy 'halaka' die tradisionele 'halaka' vervang. Deur die gesag van die Mosaïese wet (die 'seremoniële wet') so af te skaf, is die deur na die heidensending oopgemaak. Trilling (1964:211) formuleer dit soos volg: "Nur ein solches 'gereinigtes' Gesetzesverständnis harmoniert mit dem universalistischen Charakter des Evangeliums".

'n Standpunt teenoor die voorafgaande is dié van Barth (1961:138) wat reeds tydens die vroeë fase van die kritiese studie van die Matteusevangelie gesê het: "... es (ist) für Matthäus undenk= bar, dass mit Jesu Tod das Gesetz abgeschaft' sein solle ...." Ook Sand (1974:193) beklemtoon dat Matteus primêr geïnteresseerd was in die eis dat die Mosaïese wet gehandhaaf word en dat dit gemeet sal word aan die gesindheid van die liefde tot die naaste en God. Dit is veral Mt 5:17-20 (die 'hermeneutiese sleutel' tot die verstaan van die bergrede as geheel - vgl Betz 1979) wat op die blywende geldigheid van die Ou-Testamentiese boodskap dui: Jesus het nie gekom om die Ou Testament ongeldig te maak en te vervang nie, maar om die ware betekenis daarvan in optrede èn gesindheid te illustreer en so te 'vervul'. Tog wys onder= soekers soos onder andere McConnel (1969:90), Kingsbury (1977:82 vv) en Strecker (1978:69v) op die paradoks wat daar bestaan tussen Mt 5:17-20 en Mt 5:21-48 (die sogenaamde 'antiteses'). Dit blyk dat Jesus se positiewe benadering ten opsigte van die Ou Testament, soos dit in Mt 5:17-20 vorendag kom, ten minste nie op die derde 'antitese' - die verbod op egskeiding (Mt 5:31v;

vgl ook Mt 19:3-12; kyk ook Sigal 1979:33-7) en die vyfde 'anti=tese' - die nietigverklaring van die vergeldingsleer (Mt 5:38-42), van toepassing gemaak kan word nie. Boers (1980:229) en Luz (1982a) is van mening dat die oplossing van die paradoks gesoek moet word in die wyse waarop Matteus tradisies oorgeneem het. Luz formuleer dit soos volg: "This interpretation of the Matthean attitude to the Law poses the question as to how far Matthew is coherent in his views. The result is, that Matthew is not entirely coherent in the way we would require it. At least (!) there are traditions in Mt which do not conform with Matthew's views entirely, but are, as words of Jesus, taken over by the Evangelist for the sake of one particular point only (e g 5,18; 23,2f; 18,15-17 etc". Hierdie 'spesifieke punt' is volgens Luz die enkele eis van die liefde. In 'n ander artikel as die bovermelde, formuleer Luz (1978:420) soos volg: "Für Matthäus ist ... die autoritative Gezetzeauslegung Jesu, die das Liebesgebot unter allen Umständen als höchstes Gebot, von dem alle andern abhängen (22,40), festhält, entscheidend".

*Wat die struktuur van die Matteusevangelie betref, word die be=kende vyfdelige-indeling in toenemende mate deur ondersoekers as onvoldoende gereken om die kompleksiteit van die struktuur van die Evangelie te verklaar; verskeie struktuurprinsipes moet in berekening gebring word.*

Die teenwoordigheid van vyf uitgebreide Jesus-diskoerse in die Matteusevangelie wat telkens afsluit met die stereotipe frase, *kaì egéneto hote etélesen ho Iesoûs* ...(Mt 7:28; 11:1; 13:53; 19:1 en 26:1), is sedert die dae van Bacon (1980)(1918) as 'n besondere kenmerk van die formele opbou van die Evangelie geëien. Bacon het agter hierdie vyfdelige-indeling 'n Pentateug-motief gesien en 'n 'Nuwe-Moses'-Christologie daaruit afgelei. Dié vyfdelige-analise was op 'n stadium in die Matteusnavorsing die mees populêre beskouing onder navorsers met betrekking tot die formele opbou van die Evangelie. Davies (1966:15, 23), byvoor=beeld, het op grond van Bacon se siening die teorie ontwikkel dat die skrywer van die Matteusevangelie 'n bekeerde rabbi was, 'n Christelike 'legalis' wat in sy evangelie 'n sistematiese uiteensetting bied van Jesus se 'gebooie' in vyf versamelinge volgens die patroon van die Mosaïese Pentateug as apologie teen die antinomianisme. 'n Uitbouing van dié Pentateug-analogie word ook by Matteusnavorsers soos Stendahl 1969:24v) en Glass=well (1981:43v) aangetref. Kline (1975) en Senior (1976:673) interpreteer weer op hulle beurt die vyf Jesusdiskoerse in ana=logie met die Moses-afskeidsredes in die Deuteronomistiese teo=logie, met die "verbond" as sentrale tema.

Die vyfdelige-indeling van die struktuur van die Matteusevange= lie word egter gekritiseer vir sy oorsien van die 'diskoerse' in Mt 11 en Mt 23, vir die gebrek om die kindheids- en passie= vertellinge integrerend met die geheel-opbou te verklaar en die onvermoë om enige oortuigde ooreenkomste tussen die inhoud en struktuur van die Pentateug en dié van die Matteusevangelie aan te dui (kyk o a Hill 1979:140). Tog kan die intensionele belang van die teenwoordigheid van hierdie vyf Jesus-diskoerse vir die teologie van die Matteusevangelie nie weggeredeneer word nie (Via 1980:200; vgl ook Gundry 1982:11), soos dit by= voorbeeld die geval is by onder andere Schmid (1965); Lohmeyer (1967) en Gaechter (1966:60-5).

Met inagneming van Jesus se vyf toesprake in die Matteusevange= lie, onderverdeel Kingsbury (1975:9, 36vv, 161vv) die Evangelie in drie hoofdele, te wete 'Die persoon van Jesus Messias' (Mt 1:1-4:16), 'Die proklamasie van Jesus Messias (Mt 4:17-16:20) en 'Die lyding, dood en opstanding van Jesus Messias' (Mt 16: 21-28:20). Die saak wat Kingsbury met hierdie analise wil bewys, is dat Matteus sy evangelie in drie blokke indeel volgens 'n Christologiese motief teen die agtergrond van die kontempo= rêre begrip *basileía tōn ouranōn.* Hierdie motief bestaan daaruit dat Jesus Messias wat 'toe' *huiòs toû anthrōpou* was, 'nou' ook die aardse en kosmiese *huiòs toû theoû* geword het, en dat dit die doel van die proklamasie van die *basileía tōn oura= nōn* is om alle nasies *huiòi* van God te maak. Hierdie Christo= logiese motief is gebaseer op 'n struktuur van die Matteus= evangelie wat getuig van 'n progressief-kronologiese heils= historiese skema wat uiteenval rondom die temporele uitdrukkinge *apò tóte ērxato ho Iēsoûs* ... (Mt 4:17 en 16:21) en die vyf= malige *kaì egéneto hote etélesen ho Iēsoûs* ....

In sy kritiek op en verwerping van Kingsbury se analise van die struktuur van die Matteusevangelie wys F H Borsch daarop dat Kingsbury, hoewel laasgenoemde met 'n kombinasie van 'n vyf= deling èn 'n driedeling werk, nie al die struktuurprinsipes van die Evangelie in berekening gebring het nie. Hy formuleer dit soos volg: "It grows increasingly evident that we should regard the First Gospel as the most intricately woven of the Gospels, its numerous patterns interthreaded, with even its seams having become part of the designing" (Borsch 1977:73). Al hoe meer Matteusnavorsers begin deesdae die mening huldig dat daar aan Bacon ten minste op een punt toegegee moet word, naamlik dat die vyf Jesus-diskoerse in die Evangelie nie 'breuke' verteenwoordig nie, maar dat dit in relasie gesien moet word met die verhalende diskoerse wat daarnaas en daar= tussen in die Matteusevangelie voorkom (kyk o a Lohr 1961:427; Gaechter 1966; Schniewind 1968:8; Rolland 1972:156v; Ellis

1974; Barr 1976:354v; Aguirre 1981:152; Combrink 1982a:16; Van Aarde 1982b:123-8). Aan die ander kant het W Marxsen reeds vroeg raakgesien dat die verhalende diskoerse hoofsaaklik 'historiserende' redaksie van die Markusevangelie is en dat die na-pase situasie van Matteus en sy gemeente in die Jesus-diskoerse weerspieël word: "Man wird da ... unterscheiden müssen zwischen dem Rahmen (verhalende diskoerse) und den Redenkomplexen (Jesus-diskoerse). Die Historisierung des Markusaufrisses findet ihren Niederschlag im Rahmen .... In diese Rahmen aber werden Redenkomplexen eingebaut, die zwar die Zeit des Matthäus spiegeln, aber doch - historisierend - Reden des 'Irdischen' sind" (Marxsen 1959:64). Dit is verder opval=lend dat sowel die dissipels as die Joodse skare by die aanvang van elke Jesus-diskoers teenwoordig is (vgl Keegan 1983:415-30). Hieruit en uit ander gegewens kan afgelei word dat Jesus se redevoeringe volgens Matteus gerig is aan die adres van die dissipels, terwyl dit inhoudelik essensieel betrekking het op die verhouding tussen die dissipels en die Joodse skare (kyk Van Aarde 1982b: 125v).

*Die 'tweebronne-teorie' word algemeen aanvaar, maar daar bestaan by sommige ondersoekers die oortuiging dat dit nie as die enig=ste oplossing van die 'sinoptiese probleem' beskou moet word nie.*

Carlston (1975:4) se volgende opmerking illustreer dat die spe=kulatiewe aard van ondersoeke wat besondere gewig aan bronne-hipotese verleen, ingesien word: "Even the most probable solution to the Synoptic problem is not completely certain; we cannot always know what the source was in any case (some of the material that is now peculiar to Matthew, e g, may have come from Q and been omitted by Luke); and even when we are quite sure of the source and the redaction we may be quite unsure of the reasons behind the redactor". 'n Voorbeeld in Matteus=studies waar die Markusprioriteit nog aanvaar word, maar met sekere voorbehoud, is die benadering van F Neirynck. Neirynck toon waardering vir A Gaboury se bronne-hipotese. Hiervolgens bestaan daar 'n 'structure-type' wat ten grondslag lê van die gemeenskaplike 'orde van perikope' in die Sinoptiese Evangelies: "The 'structure-type' which lies at the origin of the common order is to be found in a primitive gospel source previous to Matthew, Mark and Luke" (Neirynck 1972:149). In die Gaboury-hipotese is daar nie ruimte vir ôf 'n Markusprioriteit ôf 'n Matteusprioriteit nie. Tog meen Neirynck (1972:177v) dat dit in der waarheid nie 'n beter oplossing van die 'sinoptiese probleem' bied as dié van die Markusprioriteit-standpunt nie - al is die enigste belangrike, nuwe argument ter ondersteuning van hierdie oplossing, volgens Neirynck, die bydrae wat die

'Redaktionsgeschichte' gelewer het op die gebied van die identifisering van die onderskeie evangelies se teologieë. Hy haal in dié verband met instemming die opmerking van J M Robin= son (1971:101v) aan: "In a generation in which the Synoptic problem has been largely dormant, the success of *Redaktionsge= schichte* in clarifying the theologies of Matthew and Luke on the assumption of dependence upon Mark is perhaps the most im= portant new argument for Marcan priority".

Aan die ander kant het 'teologiese' Matteusstudies waarin gewigtige theologoemena bloot op grond van 'n vergelyking tussen 'redaksie' en 'tradisie' afgelei is, skerp kritiek ont= lok. Hill (1979:139) formuleer hierdie kritiek soos volg: "... the search for and discovery of what is distinctively Matthean in theological outlook does not depend on the two-source theory.... Matthew's theology (and, for that matter, the theology of any of the evangelists) 'as a totality' depends on his gospel as a whole and not solely on what is distinctive in his editional arrangement, alterations and so forth. Redac= tion-criticism has justly been criticized for building massive theological hypotheses on very tiny pieces of editorial evi= dence". Sommige Matteusnavorsers (vgl o a Thompson 1970; Carlston 1975; Harrington 1975:388; Cope 1976; Barr 1976; Kings= bury 1977 en Humphrey 1977) wil die probleem van die spekulatie= we aard van die ondersoek na Matteus se gebruikmaking van bronne oorbrug deur, naas 'n bronne-ondersoek ('n diakroniese studie), die teks-interne besonderhede redaksioneel-krities te analiseer. In só 'n analise word gelet op byvoorbeeld die unieke aanvang en slot van diskoerse, verandering in bewoording en orde van literêre eenhede. Hierdie beklemtoning van die interne literêre kenmerke van die evangelies het in Amerika gelei tot 'n redaksie-kritiese benadering wat 'n verskuiwing ten opsigte van die tradisionele 'Redaktionsgeschichte' verteenwoordig (vgl o a Kelber 1979). Karris (1979:514) is ook van mening dat die historiese kritiek alleen in die toekoms vrugte sal oplewer, as dit meer aandag aan die 'literêre kritiek' gaan verleen. Hier= die insig het die ondersoek na veral die komposisionele kenmerke van die Matteusevangelie 'n impuls gegee. In dié verband kan daar verwys word na onder andere die arbeid van Sibinga (1972); Sabourin (1973); Gaechter (1966); Barr (1976); Riesner (1978); Kretzer (1980), Clark en De Waard (1982), en andere.

## *NUWERE ONTWIKKELINGE OP DIE GEBIED VAN DIE MATTEUSNAVORSING*

Gedurende die afgelope dekade het verskeie navorsers hulle on= behae met die historiese kritiek, en dan gereduseer tot die

'redaktionsgeschichtliche' benadering, begin uitspreek (vgl o a Den Heyer 1979:45-69). Die kritiek op die historiese kritiek het sy grond in veral die insig dat die tradisionele historiese benadering die 'eintlike belang' van die teks uit die oog verloor (Léon-Dufour 1973:10). Ferdinand Hahn, 'n belangrike eksponent van die historiese kritiek (vgl Hahn 1974), het oortuig geraak dat die historiese kritek alleen kan bydra om die eie-aard van tekste in hulle taal, vorm-, tradisie-, godsdiens-, en geloofsgeskiedkundige aspekte te ondersoek (vgl ook Vorster 1977a:10v; 23). Dit is met ander woorde almal aspekte wat verband hou met die *wording* van die teks, "aber sie ist für sich allein nicht in der Lage, der Intention der Texte wirklich gerecht zu werden" (Hahn 1972:12). 'n Tipiese vraag van die kritici van die historiese kritiek in hierdie verband is: "Besteht dann die Rolle des Exegeten darin in die Haut des Menschen der Vergangenheit zu schlüpfen?" (Léon-Dufour 1973:10). Léon-Dufour sê dat die eksegeet van sy 'Ghettoexistenz' verlos behoort te word deur by hulpwetenskappe, by name die moderne taalwetenskap en literatuurwetenskap, kers te gaan opsteek. Moderne literatuurwetenskaplikes (vgl Frye 1971:212) het aan die eksegete gedemonstreer dat daar 'n meer-dimensionele bena=dering tot tekste moontlik is as bloot die historiese kritiek. James Barr, wat reeds met sy *The semantics of biblical language* in 1961 daarop gewys het dat die belang van die moderne taal=wetenskap vir die leksiografie van die Bybelse tale vanself=sprekend is, beskryf die noodsaak van 'n verskuiwing in die eksegetiese benadering op grond van die insigte van die moderne literatuurwetenskap soos volg: "It may well be asked, however, whether the time is now coming when a more fully literary study of the Bible will begin to assert itself, a study which will really concern itself with the imagery and structure of the text as it stands, probably ruling out as irrelevant for this purpose the historical and intentional concerns which have dominated technical biblical scholarship.... Since readers may ask themselves the question, I would say that procedures like form criticism and redaction criticism, in spite of some differences from documentary source criticism, belong for the most part together with it as historical in interest. They are pursued very largely with the purpose of getting at the movement of the tradition in the time before the present form of the text was reached, or of getting at the processes by which it was reached. In this respect they are historical and intentional; they ask what was the mental process which produced this text. What I call a fully literary approach would ask rather what is the meaning of this text as it is" (Barr 1973:63v).

Sedertdien het daar langsamerhand by eksegete die insig gegroei

dat dit nie die geskiedenis van die teks is wat vir die ekse=gese beslissend is nie, maar die immanente struktuur daarvan. Dit het sedert die sewentigerjare gelei na die toepassing van verskeie 'strukturele' benaderinge in die eksegese van die evangelies. Hierdie metodes het die klem vanaf die studie van die wordingsgeskiedenis van die teks verplaas na die analise van die linguistiese 'oppervlaktestruktuur' en die strukturele patrone wat latent in die 'dieptestruktuur' situeer.

Die Franse Strukturalisme, waarvan A J Greimas 'n belangrike eksponent is en deur onder andere D Patte (1976 en 1978) op Nuwe-Testamentiese tekste toegepas word, hou nie soseer rekening met die linguistiese oppervlaktestruktuur nie, maar analiseer die sogeneomde 'narratiewe nivieau' van verteltekste. Die 'linguistiese niveau' waarvan daar by die Transformasioneel-Generatiewe Grammatika uitgegaan word, bestaan uit twee vlakke, naamlik die 'oppervlaktestruktuur' en die dieptestruktuur'. Eersgenoemde is die vlak wat ons sien, naamlik die aktuele verskyningsvorm van taal. Onder die oppervlakte lê daar die relasies en vervlegtinge van linguistiese strukture wat, seman=ties gesien, die eintlike bedoeling van die teks te kenne gee. Dit is die vlak wat as die 'dieptestruktuur' bekend staan. Die Franse Strukturalisme maak 'n onderskeid tussen die vlakke waarop die dieptestruktuur situeer. Afgesien daarvan dat daar onder die aktuele vertelling 'n linguistiese dieptestruktuur situeer (kyk die Suid-Afrikaanse semantiese struktuuranalise hieronder), is daar ōnder hierdie linguistiese dieptestruktuur ook 'n 'narratiewe oppervlaktestruktuur' en 'n 'narratiewe dieptestruktuur'. Die 'plot' van die vertelling word in die 'narratiewe dieptestruktuur' gegenereer, in die 'narratiewe oppervlaktestruktuur' beliggaam en laastens in aktuele taal=verskyningsvorms soos woorde, woordkombinasies, sinne, sin=kombinasies, perikope, ensovoorts op die 'linguistiese opper=vlaktestruktuur' gemanifesteer. Hierdie taaltekens dien as die taalsimbole van die verskillende 'aktante' wat op die manifes=tasievlak aangetref word. 'n 'Aktant' is gewoonlik 'n karakter in die vertelling, maar dit kan ook 'n belangegroep wees, 'n objek, 'n instelling, 'n predikaat, ensovoorts.

Die literatuurteorie van Greimas (kyk o a Galland 1976:1-26; McKnight 1978; Vorster 1982e:127-52; Pelser (1982)) is 'n voort=bouïng van hoofsaaklik die arbeid van Claude Lévi-Strauss ten opsigte van sy 'mitologiese antropologie' (kyk later), Vladimir Propp ten opsigte van sy studie van karakters se handelings=funksies en -relasies in Russiese sprokies en L Tesniére se sintaktiese teorie ten opsigte van die 'delimitasie' van narra=tiewe 'énoncés' (Greimas se sogenoemde 'lexie')(kyk Howard 1982).

Greimas beklemtoon die paradigmatiese struktuur van binêre opposisies met betrekking tot die resiproke relasies tussen aktante en die sintagmatiese struktuur van sekwensiële relasies van episodes ('sintagmas') in die 'plot' van die vertelling. Volgens hierdie teorie is daar net ses tipe rolle wat 'n karak=ter in 'n vertelling kan vervul. 'n 'Aktant' is sō 'n 'karakter in rol' - ōf in daadaksie ōf in gekwalifiseerde hoedanigheid by wyse van 'n eienskaptoekenning deur middel van 'n adjektief. Die aktantiële relasies struktureer op 'n paradigmatiese wyse in vaste patrone (aktantiële modelle). Die 'plot' van die ver=telling verloop liniêr in opeenvolgende sekwensies (episodes), wat in bepaalde sintagmatiese relasie tot mekaar staan. Elke sekwensie veronderstel 'n bepaalde aktantiële model.

Wat die toepassing van die 'strukturale eksegese' in Matteus=studies betref, kan verwys word na onder andere dié van Lai (1975) ten opsigte van Mt 27:57-28:20 en Calloud (1976:47-108) ten opsgite van Mt 4:1-11. Schnider en Stenger (1981), op die patroon van Erhardt Güttgemanns se 'Generative Poetik' (kyk Güttgemanns 1973a:2-47), het Mt 18-25 geanaliseer.

Güttgemanns het in 1973, toe die strukturale eksegetiese bena=dering so pas 'n aanvang geneem het, soos volg geskryf: "Die strukturale Erzählforschung steht auf den Gebiet der Evangelien an einem verheissungsvollen, neuen Anfang, der mit mühevoller Detailforschungsarbeit verbunden ist" (Güttgemanns 1973b:72). Daniel Patte (1978) meen dat die strukturale eksegese 'n bydrae kan lewer ten opsigte van die nuwe-Hermeneutiese besinning wat teruggaan op die latere Heidegger en sy volgelinge se beklem=toning van die 'Dasein' wat in taal tot uitdrukking kom. Taal bevat 'n 'vermoë' om die leser daarvan te beïnvloed tot ōf 'n nuwe wyse van denke (Patte praat van 'religieuse transformasie') ōf 'n bevestiging en versterking van die ou wyse van denke. Die strukturale eksegese is volgens hom die sleutel tot hierdie 'vermoë' van die teks. Met behulp van analitiese stappe wil hy uitkom by die 'semantiese universum' (die 'semiotiese vierhoek' in die 'narratiewe dieptestruktuur' waar die 'vermoë' van die teks volgens hom geleë is. Die metode bestaan in kort uit
(1) die ondersoek van die 'narratiewe manifestasievlak' wat sal lei na die 'narratiewe oppervlaktestruktuur';
(2) die 'simboliese vlak' word vervolgens uit die voorafgaande geanaliseer;
(3) dié analise lei na die 'semantiese universum'.

Ellingworth (1978:147), in 'n bespreking van die werk van Daniel Patte, beoordeel die strukturale eksegese soos volg: "... if one's interest is in the specificities of a particular text,

